BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# ONTMOETINGS MET JESUS

# Deel 4 – Beide die Een of die Ander

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**In die preek word genoem dat ons almal al op een of ander manier die vraag gevra het: "Hoekom laat 'n goeie God toe dat slegte dinge gebeur?" Op watter manier of in watter omstandighede het jy al hierdie of 'n soortgelyke vraag gevra?**

**Hoe het jy al hierdie vraag beantwoord as ander mense dit vra en jy 'n antwoord moet gee?**

**Wat van die preek het vir jou uitgestaan of stem jy nie mee saam nie?**

**Watter stories of eienskappe van Jesus herinner jou aan sy menswees? Watter stories of eienskappe herinner jou van sy Godheid?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Hebreërs 2:18 en 4:15-16. Hoe laat dit jou voel dat Jesus verstaan waardeur ons gaan in hierdie lewe as mens?**

**Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons onthou dat Jesus nie onbewus is van wat ons ervaar in hierdie lewe?**

**Kolossense 1:15-20 en Hebreërs 1:3-4. Wat staan vir jou uit van hierdie gedeeltes hoe Jesus beskryf word?**

**Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons hierdie bogenoemde elemente of beskrywings van Jesus ook onthou in ons lewe en nie net sy menswees nie?**

**1 Timoteus 2:5-6. Hoe sal jy hierdie versie in jou eie woorde opsom?**

**Hoe sluit bogenoemde vers aan by Johannes 14:6? Hoekom dink jy was dit nodig dat Jesus beide mens en God moes wees?**

**In Johannes 11 sien ons dat Jesus beide susters liefgehad het (vers 5) en dat beide susters vir Jesus sê dat hulle teleurgestel is dat Jesus nie daar was nie (vers 21 en 32). Dink jy ons kan vir die Here sê hoe ons voel as ons nie verstaan wat Hy doen nie? Dink jy daar is 'n regte of verkeerde manier om dit te doen? Wat dink jy is die alternatief? Hoekom is dit belangrik om in daardie oomblikke te onthou dat Jesus God en mens was?**

**Wat ervaar is jy is 'n stap wat jy moet neem in jou geestelike reis saam met Jesus na aanleiding van Sondag se preek en hierdie studie?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**